



## *Episode 1: Goud vir my Koning*

**Kerngedagte:** Die Wyse manne het Goud vir baba Jesus gebring en het op so manier **erkenning** gegee dat Jesus 'n Koning is. Jesus is die Koning, maar nie van hierdie wêreld nie. Die eerste stap om jou hart vir Jesus te gee is om te erken dat Hy die Seun van God is en op so manier jou verhouding met Hom te begin.

**Doelwit:** Kinders gaan geleentheid kry om te **erken** dat Jesus hul Verlosser is en tot 'n verhouding met Hom te nader. Deur 'n reflektiewe aktiwiteit gaan kinders nadink oor wie Jesus vir hul elkeen persoonlik is en waarom Hy anders is as 'n koning van hierdie wêreld.

**Sleuteltekste:** Johannes 14:6, Matteus 16:13-20, Johannes 20:29

**Bybelverhaal:** Die wyse manne bring goud vir Jesus (Matteus 2:11)

Jesus erken dat Hy Koning is van die Hemelse Koninkryk - Johannes 18:33-40,

### *Reeks opsomming:*

Kerstyd is 'n tyd vir geskenke en fees,  
om te vier dat God by Sy mense wil wees.  
Watter geskenk kan ek vir Jesus bring?  
Sal ek ook soos die herders van Sy koms kan sing?  
Wyses het op goud, wierook en mirre besluit,  
Waar kry ek daarvan? - Die soektog is wyd!  
Miskien lê hier eerder 'n geloofskat opgesluit!  
So laat ons wegspring, ek raak sommer bly,  
My hart is die 100% present wat ek vir Jesus kan kry!

### *Les Opsomming:*

Kerstyd is 'n tyd van familie en fees. Ons vier dat God by Sy mense wil wees. Ons deel geskenke uit en ontvang sommer weer opnuut waardering vir die mense rondom ons. In hierdie tyd wil ons ook graag vir Jesus iets spesiaal gee. Ons herdenk tog Sy geboorte, nie waar nie? Ons dink terug aan Sy nederige geboorte en die groot opoffering wat Hy vir ons gemaak het. Hy, die Prins van Vrede, is nie gebore uit 'n Koninklike familie of in 'n goue paleis nie. Hy was nie omring met geskenke of besoekers nie en die land het nie fees gehou om Sy geboorte te vier nie. Een stille nag, terwyl die wêreld op die koms van 'n Redder wag, is ons Heiland Heer gebore. Alhoewel 'n engelekoor oor die geboorte van Jesus gesing het, was daar maar net 'n handjie vol skaapwagters wat dié goeie nuus eerste ontvang het.

Dit is eers toe Jesus omtrent twee jaar oud was, wat ons lees van kuiergaste uit die verre Ooste wat hierdie Hemelkoning kom besoek het. Hulle het duisende kilometers afgelê en die spesiale Ster gevolg om tot by Jesus se voete te gaan kniel. Daar het hul reis sakke oopgemaak en geskenke uitgehaal. Goud, wierook en Mirre is aan Baba Jesus gegee.

Niks van Jesus se geboorte is per toeval nie. Nie die herders wat eerste die boodskap gehoor het, of die vreemde besoekers en hul vreemde geskenke uit die ooste is per toeval nie. Die manier hoe Jesus nie soos 'n aardse Koning behandel is nie, is juis om vir ons te wys dat Hy nie 'n aardse Koning is nie. Laat ons dan terugkyk na die Kersverhaal en die geskenke wat aan Jesus gegee is. Ons mag dalk net ontdek wat die kosbaarste geskenk - die 100% present is - wat ons hierdie Kerstyd vir Jesus kan gee...

*Goud* is die eerste geskenk wat Jesus ontvang het. 'n Mens wonder tog waarom die wyse manne op goud besluit het. Weet hulle dan nie dat die Hemel strate van goud het nie? As goud so belangrik was, waarom het God nie dit so bestem dat Jesus in 'n spesiale troonkamer van goud gebore is nie? Miskien lê daar 'n dieper betekenis in hierdie aardse geskenk. Een wat vir Jesus baie meer aanneemlik is.

Oor die eeue heen word goud geassosieer met Koningskap of 'n Koninklike. Alhoewel dit mag waar wees, is die goud is nie die ware geskenk wat die wyse manne vir Jesus gebring het nie. Die wyse manne het duisende kilometers gereis om die geskenk van goud voor Hom neer te sit. Dit wat hulle gedoen het, is vir Jesus baie meer werd as al die goud in die wêreld. Hierdie gebaar van die wyse manne, wys dat hulle vir Jesus **erken as Koning**.

Ek en jy het dalk nie goue stawe om vir Jesus te gee nie. Ons kan ook nie duisende kilometers aflê tot by Hom nie – en ons hoef ook nie. Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het Hy dit vir ons moontlik gemaak om direkte toegang tot Hom te hê. Die eerste stap om 'n kind van Jesus te word en in 'n **verhouding** met Hom te staan, is om “*Goud vir Hom te bring*”. Dit wil sê, om Hom te **erken** as die Koning en Verlosser van jou lewe. Wanneer ons hierdie belangrike stap neem, besef ons dat ons graag 'n verhouding met Jesus wil hê. 'n Belangrike vraag wat ons kan antwoord om hierdie geloofsreis in verhouding met Jesus af te skop is om 'n vraag te antwoord wat Jesus self vir Sy vriende gevra het. “Wie sê julle is Ek?”, vra Jesus in Matteus 16 vir Sy vriende. Petrus het geantwoord: “U is die Christus, die Seun van die Lewende God.”

Later, toe Jesus voor Pilatus gebring is, het Pilatus vir Jesus gevra of Hy 'n Koning is (Johannes 18:33-40). Jesus het voor die skare bevestig dat Hy 'n Koning is, maar dat Sy Koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. Jesus vertel daar vir Pilatus die waarheid en nooi hom uit om deel te word daarvan. Pilatus het eerder toegegee tot die skare se versoek en het beveel dat Jesus gekruisig word.

Pilatus wou nie goud voor Jesus bring nie, maar jy kan. Jy kan deel hê in die waarheid en deel hê aan Sy hemelse Koninkryk. Begin die reis in jou hart en “lê jou goud voor Jesus neer”. Erken Hom as jou Koning. Tree in 'n verhouding met Hom deur die vraag te antwoord wat Jesus vir Sy vriende vra. Wie is Jesus vir jou? Antwoord hierdie vraag elke dag en herinner jouself só aan Wie saam met jou die pad stap.

## *Grootgroep Aanbieding:*

Kerstyd is 'n tyd vir geskenke en fees, ons vier dat God by Sy mense wil wees!

Goeiemôre Maats, sjoe maar dit is sommer so lekker en vrolik soos die groot blink strik op my kop (Plaas groot strik op julle koppe) vir ons dat ons saam met julle kan kuier vanoggend.

Vanoggend gaan ons oor 'n baie spesiale Kersboodskap gesels. Ons gaan saam met Tannie Mossie kyk watter spesiale dinge kan ons vir Jesus gee in die Kersfees tyd. Voor ons daaroor gesels, watter spesiale dinge doen julle as 'n familie oor Kerstyd? (*Laat kleuters toe om te reageer*). Ag dit is net wonderlik. Dit is my gunsteling tyd van die jaar. Maatjies, al kry ons mooi presente en eet lekker kos en kuier saam met ons familie, weet ons dat Kersfees oor baie meer as dit gaan. Wie kan vir my sê waarom vier ons eintlik Kersfees? (*Laat kleuters toe om te reageer*)

Julle is reg ja, Kersfees vier ons die geboorte van Jesus! Jesus is al meer as 2000 jaar terug gebore en ons is nogsteeds bly oor Sy geboortedag. Ons weet dat Hy gebore is om ons van ons sonde te red. Wanneer ons geskenke vir mekaar gee en saam met mekaar kuier, maak ons Jesus se hart bly. Hy wil hê dat ons Kerstyd sal geniet en sal onthou hoe lief Hy vir ons is. Maatjies, het julle al gedink dat ons ook iets spesiaal vir Jesus kan gee in hierdie Kersfees tyd? Nee man, Jesus wil nie 'n geskenk hê wat met papier toegedraai is nie! Wat dink julle kan ons vir Jesus gee in hierdie Kerstyd wat Hom baie bly sal maak? (*Laat kleuters toe om te reageer*) Dis reg ja! Jesus wil so graag hê dat ons in ons harte sal kies dat Hy ons Koning is. Hy wil so graag hê dat ons ons harte vir Hom sal gee om in te woon. Wil julle graag saam met my ook vir Jesu skies as julle Koning? Wonderlik, spring gou op dan sê julle saam met my:

**Ek bring goud vir my Koning** (Plaas bakhande voor jou)  
**Ek kies Jesus** (wysvingers na bo)  
**as my Heer** (hande oop langs kop soos kroon)  
**Ek wil Hom met my lewe** (Plaas hande op hart)  
**loof en eer** (maak arms oop na buite)

Pragtig! Kom ons sê dit die kermet ons hardste stem:

**Ek bring goud vir my Koning** (Plaas bakhande voor jou)  
**Ek kies Jesus** (wysvingers na bo)  
**as my Heer** (hande oop langs kop soos kroon)  
**Ek wil Hom met my lewe** (Plaas hande op hart)  
**loof en eer** (maak arms oop na buite)

Oee – dis so mooi dat ek somme rop en af wil spring en dit sê, kom ons probeer dit:

**Ek bring goud vir my Koning** (Plaas bakhande voor jou)  
**Ek kies Jesus** (wysvingers na bo)  
**as my Heer** (hande oop langs kop soos kroon)

**Ek wil Hom met my lewe** (Plaas hande op hart)  
**loof en eer** (maak arms oop na buite)

Sjoe nou is ek sommer moeg. Kom ons sit maats, dan vertel ek vir julle iets baie mooi van die Kersverhaal. (Haal die "felt" bord uit met die karakters. Laat die helpers die karakters vir julle op die bord plaas soos wat jy vertel.)

Maats, toe Jesus gebore is, het daar 'n spesiale ster opgekom. Wyse manne wat ons in Ooste gebly het, het hierdie ster gesien en het besluit om hom te volg. Hulle het baie vêr gereis, maar die Ster het hulle tot by baba Jesus geneem. Toe hulle uiteindelik na jare se reis by Jesus kom, het hulle voor Hom gekniel en vir Hom geskenke gebring. Wie weet watter geskenke het hulle vir Jesus gebring? (Laat kleuters toe om te reageer)

Julle is reg ja! Die wyse manne het goud vir Jesus gebring. Maatjies, het julle geweet in daardie tyd het mense goud gebring vir Konings as 'n spesiale geskenk? Wanneer iemand vir 'n Koning goud gegee het, het dit vir die Koning gewys dat hulle bly is dat Hy koning is. Het julle al gesien dat 'n Koning 'n goue kroon op sy kop dra? Dit wys vir almal dat Hy koning van daardie land is. Die Koning dra Sy goue kroon in die paleis wat aan Hom behoort.

Aha! Maats ek het 'n idee! Ons kan nou nie regte goud vir Jesus gee nie, maar ons kan Hom kies as die Koning van ons harte. Ons kan vir Jesus sê dat ons goud vir Hom wil gee, omdat ons Hom wil kies as ons Koning. Klink dit vir julle soos 'n plan? Wonderlik! Nou kom ons spring op dan sê ons weer saam:

**Ek bring goud vir my Koning** (Plaas bakhande voor jou)  
**Ek kies Jesus** (wysvingers na bo)  
**as my Heer** (hande oop langs kop soos kroon)  
**Ek wil Hom met my lewe** (Plaas hande op hart)  
**loof en eer** (maak arms oop na buite)

Wonderlik! Ag dit maak my hart so bly dat julle saam met my wil kies dat Jesus jou Koning is. Haaai ek het 'n idee. Ons kan nie 'n regte kroon vir Jesus gee nie, maar kom ons maak 'n spesiale kroon om ons te herinner aan die spesiale boodskap. Ons kan dit op 'n plekkie in ons huis sit en as iemand vir ons vra waarvoor die mooi kroon is, dan kan ons mos vir hulle sê dat ons klie som goud vir Jesus te bring. Dit beteken, ons kies dat Hy ons Koning is en ons sit 'n kroon op Sy kop. Ons kies dat ons harte aan Hom behoort, soos wat 'n paleis aan 'n Koning behoort. Klink daarvoor/vir die julle na 'n plan? Nou toe, kom ons spring op en sê weer een keer saam wat ons besluit het om te doen, dan gaan ons na ons kunstafels toe en maak ons krone:

**Ek bring goud vir my Koning** (Plaas bakhande voor jou)  
**Ek kies Jesus** (wysvingers na bo)  
**as my Heer** (hande oop langs kop soos kroon)

**Ek wil Hom met my lewe** (Plaas hande op hart)  
**loof en eer** (maak arms oop na buite)

Sluit af met gebed.

## *Aktiwiteit: Goud vir my Koning*


1. Deel vir elke kind 'n Kroon aktiwiteitsvel uit
2. Deel nou die "glitter" uit waarmee kinders hul krone kan versier. Deel ook vir die kinders elkeen 'n toiletrol uit. Laat die kinders hul krone uitknip, plak en versier.
3. Plak die toiletrol aan die agterkant van die kroon vas, sodat die kroon kan regop staan.
4. Moedig kinders aan om hierdie kroon op 'n baie spesiale plek in die huis te sit. Dit is Jesus se kroon wat ons herinner om elke dag ons "goud vir Hom te bring" en Hom as Koning oor ons lewens te erken. Ons gaan aan die einde van die reeks weer 'n kroon maak, maar hierdie keer sal dit vir onself wees.



Naam: .....

Kerstyd is 'n tyd vir geskenke en fees,  
om te vier dat God by Sy mense wil wees.  
Watter geskenk kan ek vir Jesus bring?  
Sal ek ook soos die herders van Sy koms kan sing?  
Wyses het op goud, wierook en mirre besluit,  
Waar kry ek daarvan? - Die soektog is wyd!  
Miskien lê hier eerder 'n geloofskat opgesluit!  
So laat ons wegspring, ek raak sommer bly,  
My hart is die 100% present wat ek vir Jesus kan kry!

Vandag bring ek *Goud vir my Koning*



My 100% present wat ek vir Jesus kan gee is om te **erken** dat Hy die Koning van my Lewe is. Ek wil in 'n verhouding met Jesus wees en daarom kan ek vir Hom vertel wie Hy vir my is.

*"My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie"*

*Johannes 18:36*

## Gesels saam oor die volgende:

In *Matteus 2:11* lees ons waar die wyse manne vir Jesus goud gebring het.

1. Watter waardevolle geloofsles kan ons leer uit hierdie geskenk wat hulle vir Jesus gebring het?
2. Op watter manier kan ons ook in ons geloof "goud vir Jesus bring"?

In *Matteus 16:13–20*, vra Jesus vir Sy vriende wie die mense sê Hy is. Daarna vra Hy hulle wie hulle dink Hy is.

3. Waarom het Jesus eers vir Sy vriende gevra wie die mense sê Hy is?
4. Wat was Sy vriende se antwoord?
5. Waarom het Jesus toe gevra wie hulle dink Hy is?
6. Hoe verskil Petrus se antwoord van die mense se antwoord?
7. Waarom is dit belangrik vir elke kind van Jesus om ook hierdie vraag oor Jesus self te antwoord as hulle 'n verhouding met Jesus wil hê?

*Johannes 14:6* – verduidelik Jesus verder Wie Hy is.

8. Waarom is hierdie beskrywing van Jesus so belangrik?
9. Wat gebeur wanneer ons vir Jesus ken en in 'n verhouding met Hom is?

In *Johannes 20:29* sê Jesus dat die wat in Hom glo sonder dat hulle Hom gesien het werklik gelukkig is.

10. Wat beteken dit om in Jesus te glo?
11. Hoe kan ons ons verhouding met Jesus sterker kry?
12. Wat gebeur wanneer ons 'n sterk verhouding net Jesus het?

In *Johannes 18:33–40*, sê Jesus voor Pilatus en al die mense dat Hy Koning is, maar nie van hierdie wêreld nie. Hy nooi Pilatus uit om te glo in die Waarheid.

13. Wat leer hierdie gedeelte vir ons oor ons verantwoordelikheid om oor Jesus met ander te praat?
14. Hoe kan jy die verhaal van die wyse manne wat Goud vir Jesus gebring het gebruik om iemand te help om iemand nader aan 'n verhouding met Jesus te bring?

## UITDAGING VIR DIE WEEK

Deel die boodskap wat jy vandag gekry het met 1 ander persoon.